

'n Nuweling uit die Noorde

“Waarom wil jy die beste joernalistiekpos in Suid-Afrika verlaat?” vra ’n goeie vriend my aan die einde van 2000 toe hy hoor ek gee pad uit die akademiese omgewing en keer terug na die media. Ek was pas aangestel as senior assistentredakteur van *Die Burger* en sou my posisie as hoof van die Departement Joernalistiek aan die einde van Januarie 2001 ontruim.

’n Kort antwoord: afgesien dat Naspers wou gehad het ek moet terugkeer na die koerantwêreld waar senior joernaliste skaarser by die dag begin word het, het ek agt jaar lank ’n departement moes bestuur waar ek die enigste heeltydse lektor was. Dit het beteken ek moes klas gee, die begroting bestuur, deeltydse dosente aanstel en monitor, die keuring van nuwe kandidate behartig deur met elke aansoeker ’n onderhoud te voer indien hulle die strawwe keuringstoets geslaag het, die hele nagraadse program in joernalistiek drasties vernuwe en herstruktureer en ’n meestersgraadprogram ontwikkel, rekenaars oopmaak wat nie werk nie en dit herstel, ... en nasien, nasien, nasien.

Die geheim van die sukses van die Stellenbosse program sedert dit in 1978 begin is, was nog altyd dat dit net ongeveer 25 studente per jaar tot die honneurskursus (deesdae BPhil) toegelaat het. Dit het beteken studente het behoorlik terugvoering gekry op elke berig/artikel/werkstuk wat hulle moes indien. Maar dit het ook beteken jy moes met ’n rooi pen lang ure en nagte bestee aan redigering van studente se teks.

My voorganger, prof. Johannes Grosskopf, ’n geduldige leermeester, het my gewaarsku ek gaan hier ’n ‘glorified’ sub wees .. en dit weer wees ... en weer.

Ek het op 1 Oktober 1993 by die Eduardiaanse gebou ingestap en my voete begin vind in ’n departement waar my voorgangers, proff. Piet Cillié en Johannes Grosskopf, binne 15 jaar ’n opleidingskool vir beginner-joernaliste gevestig het wat die onbetwisbare leier in Suid-Afrika en Afrika was – en steeds is. Voorheen was ek verslaggewer by *Beeld* en *Rapport*, vier jaar navorser in die sosiolinguistiek by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, en tien jaar, ook as hoof, by die Technikon Pretoria se joernalistiekdepartement.

My nuwe besem het dadelik drie veegswaaie ten doel gehad: ten eerste om ’n behoorlike keuringstoets in te stel wat elkeen wat die kursus wou volg, moes skryf. Die keuring was voorheen streng, maar sonder dat aansoekers se algemene kennis en skryfvaardighede op skrif getoets is. Dié kwantifiseringsaspek sou die Departement beveilig teen druk van belangrike Bolandse pa’s en ma’s wat nie wou aanvaar waarom ek hul kind nie tot die kursus wou toelaat nie. Dan kon ek die syfers noem van ’n kind wat byvoorbeeld net 18% vir die algemene kennisdeel van die toets kon kry – en dit terwyl ’n joernalis iemand moet wees wat wéét wat in die wêreld aangaan.

Tweedens het ek die argaïese tikmasjiene vervang met nuwe rekenaars, ’n noodsaaklikheid vir ’n departement wat in die elektroniese eeu wou tred hou.

Daarna, ’n jaar of wat later, is die kursusstruktuur hervorm. Studente kon nie meer smiddae ’n slapie gaan vang nie. Die kursus het ’n voltydse, pulserende en besige jaar geword.

Al hierdie veranderings en my blote aanpassing sou moeilik kon plaasvind sonder die leiding en hulp van Winie Rousseau, die hoogs bekwame sekretaresse wat die Departement Joernalistiek saam met Cillié begin het. Haar kennis van die joernalistiek, die slaggate van Stellenbosch wat ’n nuwe professor uit die Noorde moes vermy, en haar deernis en empatie het ’n groot rol gespeel om Crozier-huis so ’n belangrike opleidingsentrum te maak. Op 27 April 1994, toe alle Suid-Afrikanners die eerste keer in hul miljoene kon gaan stem, het sy vir my en Danie Williams, die faktotum en

wyse man van die Departement, elk 'n plant gaan koop, wat sy ons “Nuwe Suid-Afrika-plant” genoem het. My skoelapper-hibuskus staan elke jaar pragtig en blom langs ons swembad in Somerset-Wes, 'n goeie manier om 'n mens aan die mens Winie Rousseau te herinner.

Sy is opgevolg deur Leona Amoraal, 'n natuurlike en logiese keuse omdat sy ook al jare in die Departement studente se lomp vingers soepel en vinnig oor die Qwerty-toetse moes laat glip. Dat sy soveel geduld met my as vier vingertikker getoon het, bly nog een van die wonders van ons Crozierstraathuis.

Met Danie het ek baie rugby gepraat, hy as vurige WP-ondersteuner wat moes luister na 'n Blou Bul-aanhanger uit die Noorde, maar ook as oudskrumskakel van sy Stellenbosse span Blakes wat sy rugby ken.

En dan was daar dr. Billy Trengove, daardie gentleman wat al die jare die fyner nuanses van Engels aan honderde joernalistiekstudente moes oordra. Ek onthou eendag toe die klas van 1994 besluit het die lentehitte sou beter op die strand benut kon word as om dr. T. se klas by te woon. Toe ek die volgende dag vroeg die gebou instap, het ek gehoor hoe Winie die studente in die klas roskam oor hul versuim en dat hulle “die nuwe professor in die skande steek”.

My agt jaar het saamgeval met seker een van die interessantste tye in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Ek het as't ware begin aan die einde van die ou bedeling en studente is nou blootgestel aan die nuwe omgewing van 'n demokratiese bestel. Dit het hul opleiding soveel meer uitdagend gemaak omdat die mure tussen rasse wat afgebreek is, ook beteken het dat die nuwe realiteit in die wyse waarop daar gerapporteer word, uitdagings gebring het wat oor rassegrense heen gestrek het. Ek het nog altyd gevoel wit Suid-Afrikaners het 'n groot agterstand omdat ons nie moeite doen om een van die inheemse Afrikatale aan te leer nie.

Ek het dit verpligtend gemaak, met die groot hulp van prof. Koos du Plessis, Mhlobo Jadezwani, dr. Mwanje Dlali, prof. Mariana Visser en ander dosente in die Departement van Afrikatale, dat ons honneursstudente Xhosa op inleidende vlak moes neem. Dit het die spreekwoordelike nagmerries by studente veroorsaak, maar ek is seker hulle het die omgewing waaroor hulle verslag moes doen, ietwat beter begryp deur daardie Eurosentriese blik op die werklikheid te kon verbreed.

Een van die belangrike veranderings wat binne Crozier-huis se dosentestruktuur plaasgevind het, was die instelling van die Rykie van Reenen-genootskap. Toe Bun Booyens, tans redakteur van *Die Burger* en ook 'n oudstudent wat sy honneursjaar hier deurgebring het, aangestel is as lektor, het dit gou duidelik geword dat die vergoedingspakket moeilik met die private sektor sou kon meeding. Gevolglik het ek 'n bladsy uit die opleidingsboek van die ingenieursfakulteit geneem waarvolgens professionele kundiges uit die bedryfswêreld gesekondeer kon word na 'n akademiese instelling.

Gelukkig kon ek 'n baie simpatieke oor vind in mnr. Ton Vosloo, in daardie stadium uitvoerende voorsitter van Naspers. So het Bun die eerste Rykie van Reenen-genoot geword, gesekondeer na die Departement Joernalistiek, om ná 'n jaar opgevolg te word deur dr. Johan Retief, in daardie stadium buitelandse redakteur van *Die Burger*.

Dié sekonderingstelsel het 'n lewenslyn geword vir 'n klein departement wat sterk gesteun het – en steeds steun – op die professionele insette van deeltydse dosente. Rykie van Reenen, een van die grootste en mees dinamiese vroue in die Suid-Afrikaanse joernalistiek, se naam is aan hierdie genootskap gekoppel om erkenning te gee aan haar bydrae tot die land en spesifiek die Afrikaanse joernalistiek.

In my eerste jaar op Stellenbosch, het studente in die honneursklas gesit wat reeds diep spore in die bedryf trap, mense soos prof Herman Wasserman van Rhodes-universiteit se joernalistiekskool, Willem Kempen, hoofredaksielid by *Beeld*, Antoinette Pienaar, Suid-Afrika se top gesondheidsjoernalis, om maar net drie te noem. (Lees verder op

www.sun.ac.za/journalism/alumni

Joernalistiekstudente word nie opgelei om in sensuur te glo nie en omdat heelwat studente in die klas tydens hul honneursjaar ook hul tande in *Die Matie* se redaksie slyp, was botsings met die universiteitsbestuur eerder die reël as die uitsondering. Kempen het as redakteur 'n foto in die koerant geplaas van vier manstudente wat kaal deur die J.S. Gericke-biblioteek genael het. Dit het die owerhede ontstel, maar dit was eers 'n jaar later toe *Die Matie* se redakteur, Liza Albrecht, deesdae redakteur van *Rapport*, 'n brief geplaas het wat lelike dinge oor die rektoraat kwytgeraak het.

Ek moes vure doodslaan, al was Albrecht nie 'n student in ons klas nie. Dit het gelei tot die Butler-kommissie (onder voorsitterskap van prof. David Butler van die regs fakulteit) wat 'n wyse moes ondersoek waarop *Die Matie* gereguleer kon word. Ek het tydens my Pretoria-techikonjare in 1991-92 navorsing in die VSA gedoen oor die manier waarop studentekoerante aangewend kon word in die opleiding van joernalistiekstudente. Dit het gelei tot die eerste volwaardige studentekampuskoerant wat volledig saamgestel en uitgegee is deur 'n departement joernalistiek in Suid-Afrika.

My navorsing in die VSA het my intens bewus gemaak van 'n vrye kampuskoerant, maar tydens die kaalnael- en brieweskandaal by *Die Matie*, was Suid-Afrika nog 'n jong demokrasie en die ingeburgerde jeukende vingers van owerhede om koerante te wou sluit, straf of betigtig, het nog ongeduldig op die tafel getimmer. Met die Butler-kommissie het ons 'n stelsel van selfregulering voorgestel. Dit het gelei tot die daarstelling van 'n etiese kode wat vandag nog die koerant se verslaggewing reguleer.

In 1994 was die eerste demokratiese verkiesings 'n uitstekende geleentheid om studente die kans te kon bied om eerstehands politieke verslaggewing te beleef en te beoefen en in 1995 het Suid-Afrika die rugby-wêreldbeker aangebied en het ons studente in die mediakantoor van die organiseerders by Nuweland gewerk.

Die klas van 1995 het ook die ontstaan van die jaarblad, *Stellenbosch Joernalistieke Insig/Stellenbosch Journalism Insight (JSI)*, geloods. Die eerste redakteur was Liza Stewart. Dit is later tydens prof. Lizette Rabe se voorsitterskap vervang deur die *Stellenbosch Media Forum (SMF)*. 'n Probleem met so 'n publikasie was en is steeds om genoeg advertensies te kon verkoop sodat die tydskrif ten minste gelyk kan breek.

Die demokrasie wat 1994 gebring het, het ook 'n drastiese verandering in die medialandskap ingelui. Een hiervan was die wyse waarop gemeenskapsradio 'n regmatige plek in die samelewing ingeneem het. Heelwat streke en dorpe het lisensies ontvang om gemeenskapsradiostasies op die been te bring, ook Matie FM (MFM) waarby ons studente ten nouste betrokke was deur die skryf van nuusbuletins en aanbieding van aktualiteitsprogramme.

Een van die uitdagings tydens my voorsitterskap was om die departement se hoofsaaklik wit studentesamestelling meer verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse werklikheid te maak, maar steeds binne die ideaal om Stellenbosch steeds as die belangrikste joernalistiekskool te behou met Afrikaans as hoofderrigtaal. Ek het Aggrey Klaaste, redakteur van *Sowetan*, genader om 'n beurs wat vandag nog as die *Sowetan*-beurs bekend staan. Die eerste wenner van die beurs was Muzi Mkhwanazi, wat saam met Thabiso Tserema in die Klas van 1995 was. Danksy die steun van Ton Vosloo en Abraham van Zyl, laasgenoemde in daardie stadium bestuurder van *City Press*, is die Percy Qoboza-beurs ook ingestel en het swart studente soos Zolile Nqayi, Wellington Hlophe, Sipiwe Mboyane, Mpumelelo Mkhabela (tans redakteur van die *Daily Dispatch* in Oos-Londen), Moses Ramothwala en Lebogang Motabogi hier hul merk gemaak. Pule wa Sekano van Carletonville was die laaste Percy Qoboza-beurshouer tydens my hoofskap, maar is ongelukkig twee jaar gelede oorlede.

Een van die belangrikste veranderings wat ek nodig geag het in die struktuur van die kursus, is die vestiging van 'n volwaardige module in wetenskap- en tegnologiejoernalistiek. Toe dit in 1995 die eerste keer aangebied is, was dit ook nogal gepas dat die nuus oor die ontdekking van Kleinvoet, 'n vroeë voorsaak van die mens, in Sterkfontein deur Ron

Clarke en sy medepaleontoloog bekend gemaak is. Vandag is dié wetenskapmodule steeds enig in sy soort in joernalistiekskole in Afrika. In die afgelope 16 jaar het talle studente hul meestersgrade in wetenskap- en tegnologiejoernalistiek hier ontvang en het Natasha Bolognesi, ’n Suid-Afrikaanse korrespondent vir *Nature Online* geword vir wie sy die MIV/Vigs-skandaal van ’n professor wat in sy navorsing aan die Universiteit van Kaapstad met kwakke geheul het, ontbloom het.

Navorsing toon dat kinders op skool en universiteitstudente al hoe minder lees en min weet wat in hul wêreld aangaan. Hierdie tendens van oningeligtheid en gebrekkige algemene kennis word duidelik gereflekteer in die keuringstoets wat studente skryf om tot die joernalistiekkursus toegelaat te word. Daarom het ek ’n ander noodsaaklike module ingestel, ’n vorm van algemene kennis, bekend as Kulturele Geletterdheid. Prof. E.D. Hirsch van die Universiteit van Virginië in die VSA, het kulturele geletterdheid in sy belangrike boek, *Cultural Literacy – What Every American Needs to Know*, in 1988 beskryf as “the network of information that all competent readers possess. It is the background information, sorted in their minds, that enables them to take up a newspaper and read it with an adequate level of comprehension, getting the point, grasping the implications, relating what they read to the unstated context which alone gives meaning to what they read ... The achievement of high universal literacy is the key to all other fundamental improvements in American education.”

Stellenbosch se joernalistiekskool spog vandag met die indrukwekkendste lys alumni wat in meer as 30 jaar hier die kursus voltooi het, redakteurs, mediabestuurders, pryswennende joernaliste, internetfoendi’s, skrywers en wat nog. Drie Nieman Fellows aan Harvard-universiteit het hier op Stellenbosch hul eerste opleiding in die joernalistiek ontvang, naamlik Tim du Plessis, Barbara Fölscher en Melanie Gosling. En ’n gros redakteurs en pryswennende skrywers en joernaliste het in Crozier-huis begin, mense soos die huidige hoof, Lizette Rabe, Du Plessis, Irna van Zyl, Marita van der Vyver, Rachelle Greeff, Riaan Gerber, Esmaré Weideman, Mpumelelo Mkhabela, Mohamed Shaikh, Arlene Prinsloo, Hannes Oosthuizen, Ainsley Moos, Bun Booyens, Beverly Farmer, Willem Jordaan, Hanno van Niekerk, Ryk van Niekerk, Jorisna Bonthuys, Albertus van Wyk, Tessa van Staden, Izelle Venter, Marnus Hattingh, Helen Schoer, Michéle van Breda, Susan Samuel, Jacolette Kloppers, Magriet Ruthven, Yvonne Beyers, Chris Burgess en vele ander. Geen mens verlaat so ’n departement sommer net nie. Daarom is dit steeds so ’n groot voorreg om elke jaar nog hier te kan klas gee en studente oor die belangrikheid van ’n deeglike algemene kennis, goeie en kreatiewe skryfwerk, en ’n bietjie meer belangstelling in die wetenskap te probeer touwys maak. En tog bly die grootste uitdaging om hulle krities te laat leer dink, iets wat ongelukkig steeds min in ouerhuise en skole plaasvind.

My motto as raad aan studente? William Shakespeare se woorde in *Measure for Measure* (Bedryf I, Toneel IV):

Our doubts are traitors,

And make us lose the good

We oft might win,

By fearing to attempt.